# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 JULIE 2023 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester *(waarnemende Uitvoerende Burgemeester)* |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. T Wessels | : | Strategiese Beampte |
| Mnr. M Rickers | : | Student: Kommunikasie |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitees |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

**ANDER**

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. Eric Verbist | : | Heist-Op-Den-Berg Delegasie |
| Me. Lotte Jaspers | : | Heist-Op-Den-Berg Delegasie |
| Me. Merel van Paesschen | : | Heist-Op-Den-Berg Delegasie |

***

**AKSIE**

**RVN001/07/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy die vergadering open met gebed.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die delegasie van Heist-Op-Den-Berg, die nuutverkose Raadslid mnr. AC Isaacs en sy familie asook die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon en op die “YouTube” platform ingeskakel is.

***

**RVN002/07/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester - siekverlof
Rdl. IS Adams - afwesig met verskoning
Bestuurder: Strategiese Dienste - afwesig met verskoning (Finansiële opleiding)
Waarnemende Direkteur Finansiële Dienste - afwesig met verskoning (Finansiële opleiding)

Die Speaker reël dat die aflegging van eed of plegtige verklaring deur die nuutverkose Raadslid na item **RVN002** hanteer sal word.

***

**RVN003/07/2023**
**AFLEGGING VAN EED OF PLEGTIGE VERKLARING DEUR NUUTVERKOSE RAADSLID**
**15/1/5/9**

Die Speaker bied geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die inhuldigingsproses waar te neem.

Die Strategiese Beampte beklee die Raadslid met die toga waarna mnr. Isaacs die plegtige verklaring aflê en onderteken.

Die Munisipale Bestuurder verwelkom Raadslid André Charles Isaacs as ‘n Raadslid van Bergrivier Munisipaliteit, waarna sy hom voorspoed en sterkte toewens. Hy neem sy sitplek in by die Raad.

Ten slotte reël die Speaker dat die fotosessie met die nuutverkose Raadslid en sy familie na afloop van die Raadsvergadering sal plaasvind.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Strategiese Beampte en Student: Kommunikasie verlaat die vergadering om 14:15)***

**RVN004/07/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN005/07/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 JUNIE 2023**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Junie 2023, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN006/07/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 JUNIE 2023**
**3/3/2/2**
***(Implementeringsverslag van Dinsdag 27 Junie 2023 word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei - Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste bevestig dat die veranderinge op die mikro-organogram aangebring is.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Junie 2023.

***

**RVN007/07/2023**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: CONSIDERATION OF IRREGULAR EXPENDITURE – OVERPAYMENT OF SECTION 79 COMMITTEE CHAIRPERSON** ***(RVN029/06/2023)***
**3/3/2/2**

Op navraag van Raadslid Lesch rakende die regsopinie soos per besluit, meld die Speaker dat daar nog nie terugvoering van die LUR vir Plaaslike Regering in die Wes Kaap (Kantoor van die Minister Bredell) is nie.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/07/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LIEF

- Dat Raadslid Bronwyn Maarman op Sondag 16 Julie 2023 verjaar het en wens hy haar geluk, seënwense en sterkte toe met haar verjaarsdag;
- Dat die Speaker, Raadslid Daniels en die Munisipale Bestuurder die “SALGA Provincial Assembly” bygewoon het in Hermanus vanaf Woensdag 19 Julie 2023 - Vrydag 21 Julie 2023 en gee die Speaker kortliks terugvoering rakende die besprekings; en
- Dat twee (2) rugbyspelers, mnr. K Lombard en mnr. R Ismael, verkies is om die Boland onder 21 span te verteenwoordig.

LEED

- Dat die Uitvoerende Burgemeester tans siek en gehospitaliseer is en word hy sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat mev. P Banga (werksaam in die Gemeenskapsdienste Direktoraat in Velddrif) se broer oorlede is en word sy en die familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat mev. W Maroem (werksaam in die Gemeenskapsdienste Direktoraat in Porterville) se ma oorlede is en word sy en die familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat 'n oud-Raadslid van die Porterville Raad, mnr. B Hendricks, oorlede is en word sy vrou en die familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Sy meld dat daar in die Uitvoerende Burgemeesterskomitee afskeid geneem was van die Hoof: Strategiese Dienste, mnr. C Davids, vir sy 7 jaar diens gelewer aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek en wens sy hom sterkte toe met sy vervroegde aftrede.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN009/07/2023**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: INTRODUCTION OF DELEGATION</u>**
**3/3/1/5**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in waarna sy geleentheid aan die afvaardigings van Heist-Op-Den-Berg gee om hul aan die vergadering bekend te stel.

Rdh. Eric Verbist word 'n geleentheid gegun om die vergadering toe te spreek waarna hy Bergrivier Munisipaliteit bedank vir hul gasvryheid en die volhoubare vennootskap tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist-Op-Den-Berg.

Die Uitvoerende Onderburgemeester bedank die afvaardiging van Heist-Op-Den-Berg en wens hul 'n veilige reis terug na België.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN010/07/2023**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN011/07/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER: BERGRIVIER BETTER TOGETHER GAMES: 01 SEPTEMBER 2023</u>**
**12/2/3/14**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat essensiële dienste steeds gelewer word soos normaal.

**<u>The undermentioned resolution were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the Municipal Manager and the Council of Bergrivier Municipality approves the hosting of the Bergrivier Better Together Games, to be held on Friday, 01 September 2023 at Smit Park Sports Grounds in Velddrif;
2. That employees participating in the games must complete an entry form and submit it on or before Friday, 21 July 2023;
3. That each Director will be provided with a final list of staff who have confirmed their attendance by Tuesday, 25 July 2023;
4. That all Directors will have until Friday, 28 July 2023 to consider their list and grant approval based on operational requirements; and
5. That all full-time employees and staff on fixed-term contracts are allowed to participate in the upcoming Better Together Games, including interns and temporary workers who have worked at the Municipality for six (6) months or longer. We regret no EPWP or casual workers.

***

**RVN012/07/2023**
**<u>DRAFT CALENDAR FOR 2023/24 FINANCIAL YEAR</u>**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en meld dat die voorbereiding van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Vrydag 15 September 2023, by die bespreking van die Uitvoerende Burgemeester en Direkteure soos geskeduleer vir Maandag 18 September 2023, geïnkorporeer word en dat daar steeds veranderinge by die interne vergaderings, wat met die sterretjies aangedui word, gemaak kan word.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council approves the draft Calendar for the 2023/24 financial year.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN013/07/2023**
**<u>2022/23 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 01 APRIL – 30 JUNE 2023 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae D)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolution were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (01 April - 30 June 2023) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2023.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN014/07/2023**
**<u>MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) 5 YEAR MSDF 2024 - 2029: STATUS QUO</u>**
**15/1/5/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

‘n Enkele kosmetiese verandering word uitgewys in die verslag.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council adopt the status quo compiled by CK Rumboll & Partners (Planning) for the compilation of the Bergrivier Municipality: Municipal Spatial Development Framework 2024-2029 as required in terms of Section 6(2) of the Bergrivier Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN015/07/2023**
**<u>DRAFT AMENDMENTS TO THE BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC, 2018.</u>**
**1/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolutions was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That the item be withdrawn and tabled at the next Corporate Services Committee meeting scheduled for Wednesday 02 August 2023, for further discussion.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN016/07/2023**
**<u>PASSING OF BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO THE BERG RIVER ESTUARY USAGE ZONES</u>**
**17/12/8**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**RESOLVED**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)*(m)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the *Bergrivier Municipality: By-law Relating to the Bergrivier Estuary Usage Zones*, attached as **Annexure D**, be passed;
3. That in terms of section 13*(a)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the *Bergrivier Municipality: By-law relating to the Bergrivier Estuary Usage Zones,* attached as **Annexure D**, be published and come into effect on date of publication;
4. That the delegations applicable to the *Bergrivier Municipality: By-law Relating to the Bergrivier Estuary Usage Zones*, attached as **Annexure E**, be approved; and
5. That Council note the list of Offences and Fines, as was approved by the Magistrate, attached as **Annexure F.**

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN017/07/2023**
**JEUGUITRUIL-PROGRAM TUSSEN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT EN HEIST-OP-DEN-BERG: 27 MAART 2023– 06 APRIL 2023**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Jeuguitruil-program tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist-Op-Den-Berg: 27 Maart 2023 – 06 April 2023.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN018/07/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS: DINSDAG 24 JANUARIE 2023, DONDERDAG 16 FEBRUARIE 2023, DINSDAG 28 FEBRUARIE 2023, EN DINSDAG 28 MAART 2023**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergaderings gehou op Dinsdag 24 Januarie 2023, Donderdag 16 Februarie 2023, Dinsdag 28 Februarie 2023, en Dinsdag 28 Maart 2023, soos voorgelê.

***

**RVN019/07/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN020/07/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker doen ‘n beroep op die Wyksraadslede om items, verslae en -notules vanaf die Wykskomitees na die Staande Komitees te verwys vir kennisname deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 14:52, waarna die volle Raad en Munisipale Bestuurder die vergadering In-Komitee voortsit.***

**RVN021/07/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: OORWEGING VAN AANBEVELING VIR DIE AANSTELLING VAN DIE DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE / HOOF FINANSIËLE BEAMPTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**5/15/2**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word.

***

**RVN022/07/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN023/07/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:06*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG ‘N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***